# HOOFSTUK 10

# DIE TERUGVERSKUIWING EN SLUITING VAN DIE KONSENTRASIEKAMP TE PIETERSBURG

## 10.1 REPATRIASIEWERK.

Die Verdrag van Vereeniging het voorsiening gemaak vir die repatriasie van die inwoners van die twee voormalige Republieke.[1] Maar volgens artikels 1 en 11 van die Vredesverdrag moes alle burgers, die nog vegtendes sowel as die krygsgevangenes, eers die Britse vors as hulle wettige soewerein erken. Daarna sou hulle sodra vervoer verskaf en die middele vir hul bestaan verseker kon word, na hul wonings teruggebring word.[2]

Die superintendente moes dus aan die kampinwoners verduidelik dat hulle vry was om die kamp te verlaat, maar dit was wenslik om te wag totdat die staat gereed was om hulle van die noodsaaklikste benodigdhede te voorsien. Burgers wat pas die wapen neergelê het, kon dadelik na hulle huise vertrek tensy hulle ook toerusting benodig het. Indien dít die geval was, moes hulle in die konsentrasiekamp die naaste aan hul plaas gaan wag. Hulle gesinne sou ook daarheen gestuur word. Om die kamp dus te kon verlaat, moes die inwoners oor die nodige middele beskik om hul normale lewe en werksaamhede op die plaas te hervat.[3]

---

1 D.W. Kruger, "Weeropbou, 1902 - 1908," in D.W. Kruger (red.), Geskiedenis van Suid-Afrika, p.442: S.B. Spies, "Heropbou en Unifikasie, 1902 - 1910," in C.F.J. Muller (red.), Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis, pp.324-325.

2 D.W. Kruger,"Weeropbou, 1902-1908", p.442; J.L. Hattingh, Die Irenekonsentrasiekamp, p.229.

3 J.L. Hattingh, Die Irenekonsentrasiekamp, p.229.

## 10.2 DIE HEROPRIGTING VAN DIE KONSENTRASIEKAMP

Nadat die Buyse van Mara die konsentrasiekamp op die 30ste Junie 1902 verlaat het, is daar dadelik begin om al die toerusting bymekaar te kry met die oog op die terugkeer van die "ou kamp" vanaf Pinetown.[4]

Die terugkeer vanaf Pinetown het op die 2de Julie 1902 begin en was op die 10de Augustus 1902 afgehandel. Die kamp is weer op presies dieselfde plek opgerig waar dit vanaf Mei 1901 tot Februarie 1902 geleë was, met ander woorde omtrent 1 1/2 myl (2,42km) suidwes van Pietersburg, op 'n skuinste tussen die spoorlyn en die Sandrivier.[5]

## 10.3 DIE AANTAL MENSE WAT TERUGGEKEER HET

Dit is moelik om te bepaal hoeveel inwoners in Julie 1902 eers weer na die kamp op Pietersburg teruggekeer het aangesien daar na die kampverskuiwing in Februarie 1902 nog voortdurend mense wat gevange geneem is, na Natal gestuur is. Vanaf die 12de tot die 18de Februarie 1902 is 2856 mense na Colenso in Natal verskuif.[6] Gedurende April 1902 het kolonel Colenbrander se kolonne 91 mense gevang en na Pietersburg gebring en meneer A.G. Watt het hulle na die kamp in Pinetown, Natal,

---

[4] DBC: Director of Burgher Camps, March 1900-August 1905, band 13, 30th June 1902, Monthly Report.

[5] DBC: Director of Burgher Camps..., band 13, 31st August 1902, Monthly Report; FK 975: Colonial Office 291/42, vol. 5, 1902, p.709.

[6] DBC: Director of Burgher Camps, March 1900 - August 1905, band 12, Report to 18th February 1902; FK 613: Colonial Office 417/350, vol. 3, 1902, p.373.

gestuur.[7] Op 31 Mei 1902 meld Watt dat hy probleme met vervoer gehad het aangesien hy nog van tyd tot tyd mense na Natal moes stuur.[8]

Op 31 Julie 1902 was daar weer 2067 mense in die kamp te Pietersburg. Maar daar moet in gedagte gehou word dat die terugverskuiwing nog nie op daardie tydstip afgehandel was nie. Dit is eers op die 10de Augustus afgehandel. En so vinnig as wat die mense terugverskuif is, het hulle begin om die kamp te verlaat. Vroeër gedurende Julie was daar 2260 mense in die kamp, maar voor die 31ste Julie het 191 die kamp verlaat en na hul plase teruggekeer.[9]

Wat dit verder moeilik maak om die aantal terugkerendes uit Natal te bepaal, is omdat in 'n maandverslag soos byvoorbeeld die van 31 Augustus 1902 word net genoem dat 1084 mense gedurende dié maand in die kamp gearriveer het, maar daar word nie gemeld waarvandaan nie. In dieselfde verslag word dan ook genoem dat 98 krygsgevangenes uit verbanning teruggekeer het en by hulle families in die kamp aangesluit het.[10] Dit wil voorkom asof dié aantal krygsgevangenes ingereken is by die aantal persone wat uit Natal in die kamp gearriveer het. Volgens die verskillende maandverslae het daar vanaf Julie tot Desember 1902 3734

---

7 DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 30th April 1902, Monthly Report; FK 620: Colonial Office 417/351, vol. 4, 1902, p.610.

8 DBC: Director of Burgher Camps..., band 13, 31st May 1902, Monthly Report; FK625: Colonial Office 417/352, vol. 4, 1902, p.763.

9 DBC: Director of Burgher Camps..., band 13, 31st July 1902, Monthly Report.

10 DBC: Director of Burgher Camps..., band 13, 31st August 1902, Monthly Report; FK 975: Colonial Office 291/42, vol. 5, 1902, pp.706, 713.

persone na die kamp toe teruggekeer voordat hulle na hul huise vertrek het.[11]

## 10.4 DIE KAMPPERSONEEL

Die personeelvoorsiening na die heroprigting van die kamp was beslis beter as voor die kampverskuiwing. Gedurende Oktober 1902 het die kamp byvoorbeeld oor die dienste van drie dokters; 'n hospitaalmatrone en 'n assistent-hospitaalmatrone; 'n kampmatrone en 'n assistent-kampmatrone en 'n noodleningingsmatrone beskik.[12]

Die meeste van die ou kamppersoneel het ook in Julie 1902 na Pietersburg teruggekeer. Vanaf die 2de Julie 1902 het A.G. Watt opgetree as waarnemende kampsuperintendent, maar vanaf Augustus 1902 is J.E. Tucker terug en hy is weer kampsuperintendent tot Januarie 1903.[13] Dokter D. Henderson keer ook na Pietersburg terug, maar nie vir die volle tyd nie. Vanaf September 1902 is dokter G.C. Hay die mediese beampte en vanaf Oktober 1902 is daar ook dokters Sturdee en

---

[11] DBC: Director of Burgher Camps..., band 13, 31st July 1902, Monthly Report; FK 975: Colonial Office 291/42, vol. 5, 1902. p. 706; DBC: Director of Burgher Camps..., band 13, 30th September 1902, Monthly Report; FK 986: Colonial Office 291/44, vol. 5, 1902, p.688; DBC: Director of Burgher Camps, March 1900 - August 1905, band 14, 30th November 1902, Monthly Report; DBC: Director of Burgher Camps..., band 14, 31st December 1902, Monthly Report.

[12] FK 986: Colonial Office 291/44, vol. 5, 1902, p.689; DBC: Director of Burgher Camps..., band 14, 31st October 1902, Monthly Report. Vergelyk met hf.6.

[13] FK 970: Colonial Office 291/41, vol 5, 1902, p.699; FK 975: Colonial Office 291/42, vol. 5, 1902, p.706.

Montgomery.[14] Ander oud-personeellede wat ook teruggekeer het, was onder andere K. Henry en mejufftou Pittendrigh.[15]

## 10.5 DIE SANITASIE EN WATERVOORSIENING VAN DIE KAMP

Die sanitasie van die kamp is min of meer op dieselfde wyse as in die verlede georganiseer. Daar was dertien groot en vyf kleiner toilette in die kamp. Die toiletemmers is daagliks leeggemaak, skoongemaak en ontsmet. Daar is ook gereeld vars sand op die toiletvloere gegooi en die vuil sand is in 'n sloot, wat daagliks vir dié doel gegrawe is, gegooi en toegemaak.[16]

Tussen die tente is houers geplaas. Hierin is die vuil water gegooi. Die houers is daagliks leeggemaak en die inhoud van die emmers is saam met die nagsand van die toilette in die sloot gaan begrawe. Ander vullis en as is ook daagliks verwyder en met donkiekarre en ossewaens 'n ent van die kamp af weggegooi. Drie tuimelwaens en 'n wa met 'n tenk op is vir die sanitêre werk gebruik.[17]

Die water vir gebruik deur die kampinwoners is uit die Sandrivier wat aan die westekant van die kamp verby gevloei het, verkry. Die water was helder en skoon en is met vate en waens na die kamp vervoer.

---

[14] DBC: Director of Burgher Camps..., band 13, 30th September 1902, Monthly Report; FK 986: Colonial Office 291/44, vol. 5, 1902, p.689.

[15] DBC: Director of Burgher Camps..., band 13, 31st August 1902, Monthly Report.

[16] FK 975: Colonial Office 291/42, vol. 5, 1902, p.710; DBC: Director of Burgher Camps..., band 13, 31st August 1902, Monthly Report.

[17] FK 975: Colonial Office 291/42 vol. 5, 1902, p.710; DBC: Director of Burgher Camps..., band 14, 30th November 1902, Monthly Report.

Gedurende November 1902 het die stroom baie swak begin loop, maar na goeie reëns was daar weer voldoende water.[18]

## 10.6 RANTSOENE

Daar is die minimum gegewens oor die rantsoene en die uitreiking daarvan beskikbaar. Daar word slegs gemeld dat die rantsoene voldoende was en van goeie kwaliteit.[19] Slegs gedurende Augustus 1902 was die hout baie skaars, maar voldoende steenkool is uitgereik.[20]

## 10.7 DIE SKOOL

Op die 25ste Augustus 1902 is daar weer 'n skool in die kamp geopen met W. Weir as hoof. Hy is bygestaan deur sewe onderwysers en daar was 200 leerlinge in die skool. Al die banke en ander toerusting is vanaf Natal teruggebring; vyftien markeetente is as skool en drie is as onderwyserskwartiere en eetplek gebruik.[21]

Gedurende September 1902 word gemeld dat die skoolbesoek goed is ten spyte van die feit dat al hoe meer mense die kamp verlaat het,[22] maar

---

[18] FK 986: Colonial Office 291/44, vol. 5, 1902, p.691; DBC: Director of Burgher Camps..., band 14, 30th November 1902, Monthly Report.

[19] FK 986: Colonial Office 291/44, vol. 5, 1902, p.690;DBC: Director of Burgher Camps..., band 14, 31st October 1902, Monthly Report.

[20] FK 975: Colonial Office 291/42, vol. 5, 1902, p.710; DBC: Director of Burgher Camps..., band 13, 31st August 1902, Monthly Report.

[21] FK 975: Colonial Office 291/42, vol. 5, 1902, p.711; DBC: Director of Burgher Camps..., band 13, 31st August 1902, Monthly Report.

[22] DBC: Director of Burgher Camps..., band 13, 30th September 1902, Monthly Report.

vanaf November 1902 het die skoolbesoek elke week swakker geword aaangesien so baie kinders na hul huise toe is.[23]

Op die 19de Desember 1902 is die skool gesluit en Weir en sy personeel is na Louis Trichardt gestuur om 'n skool daar te begin.[24]

## 10.8 DIE KERK

Daar was geen kerk in die kamp nie, maar die kampinwoners is toegelaat om die kerk in Pietersburg te besoek.[25] Vanaf September 1902 is 'n tent tot beskikking van die inwoners gestel indien hulle eredienste wou hou.[26]

## 10.9 MEDIESE DIENSTE

Die kampinwoners se algemene gesondheid was goed na hul terugkeer uit Natal. Gedurende Julie 1902 het daar verskeie gevalle van pampoentjies onder die kampinwoners wat vanaf Pinetown teruggekeer het, voorgekom. Geen nuwe gevalle het egter daarna voorgekom nie.[27] Siektes wat vanaf

---

[23] DBC: Director of Burgher Camps..., band 14, 30th November 1902, Monthly Report.

[24] DBC: Director of Burgher Camps..., band 14, 31st December 1902, Monthly Report.

[25] FK 975: Colonial Office 291/42, vol.5, 1902, p.711; DBC: Director of Burgher Camps..., band 13, 31st August 1902, Monthly Report.

[26] DBC: Director of Burgher Camps..., band 13, 30th September 1902, Monthly Report.

[27] FK 970: Colonial Office 291/41, vol.5, 1902, p.700; DBC: Director of Burgher Camps..., band 13, 31st July 1902, Monthly Report.

Julie tot Desember 1902 voorgekom het, was malaria, longontsteking, brongitis en maagkoors.[28]

Vanaf Julie tot Desember 1902 is veertien mense in die kamp oorlede. Gedurende September 1902 het die meeste sterfgevalle voorgekom, naamlik agt. Twee van dié mense is aan breinvliesontsteking en een aan longontsteking dood.[29]

Die siektes wat dus gedurende hierdie ses maande voorgekom het, is normaal vir Pietersburg en sy klimaat en kan nie meer aan die kamptoestande toegeskryf word nie. Die maagkoors wat gedurende November voorgekom het, is wel aan die kamp toegeskryf, maar die twee siekes is dadelik na die kontakkamp verskuif, hulle tente is ontsmet en die verspreiding van die siekte is so doeltreffend voorkom. Die sterftesyfer is ook laag wat beslis dui op 'n beter gesondheidstoestand van die kampinwoners en doeltreffender mediese dienste.

Die mediese dienste is verder op dieselfde wyse georganiseer as voor die kampverskuiwing. Ses markeetente is as hospitaal gebruik en dertig beddens was beskikbaar. A.M. Bayley was die hospitaalmatrone en K. Henry die assistent-hospitaalmatrone. S. Grafton was die kampmatrone en D. List was die assistent- kampmatrone. Laasgenoemde is bygestaan

---

[28] DBC: Director of Burgher Camps..., band 14, 31st December 1902, Monthly Report; FK 975: Colonial Office 291/42, vol.5, 1902, p.714.

[29] FK 970: Colonial Office 291/41, vol.5, 1902, p.700; FK 975: Colonial Office 291/42, vol.5, 1902, p.706; DBC: Director of Burgher Camps..., band 13, 30th September 1902, Monthly Report; FK 986: Colonial Office 291/44, vol.5, 1902, p.688; DBC: Director of Burgher Camps..., band 14, 30th November 1902, Monthly Report.

deur 'n Engelse verpleegster en nege kampinwoners. Die noodlenigingsmatrone was mejuffrou Pittendrigh.[30]

## 10.10 POLISIE

Van die burgers is as polisie aangestel en hulle moes sorg vir die orde in die kamp. Aanvanklik was daar dertig polisiemanne, maar later was daar al hoe minder soos wat die kamp se inwonertal afgeneem het.[31]

## 10.11 WEESKINDERS

Gedurende Oktober 1902 is 'n weeshuis in die kamp gestig. Die weeshuis met vyftien wesies was onder beheer van mejuffrou Pittendrigh.[32] Gedurende November 1902 was daar 24 wesies in die kamp en gedurende Desember 1902 was daar 26 wesies onder toesig van suster List.[33] Aan die einde van Desember is die wesies na die Irenekamp verplaas.[34]

---

[30] FK 975: Colonial Office 291/42, vol.5, 1902, pp.708, 711.

[31] FK 975: Colonial Office 291/42, vol.5, 1902, p.712; DBC: Director of Burgher Camps..., band 13, 31st August 1902, Monthly Report.

[32] FK 986: Colonial Office 291/44, vol.5, 1902, p.691; DBC: Director of Burgher Camps..., band 14, 31st October 1902, Monthly Report.

[33] DBC: Director of Burgher Camps..., band 14, 30th November 1902, Monthly Report; DBC: Director of Burgher Camps..., band 14, 31st December 1902, Monthly Report.

[34] K. Geertsema, Pietersburg konsentrasiekamp 11 Mei 1901-31 Desember 1902, p.9.

## 10.12 KAMPVERLATING

Die mense het die kamp so gou moontlik verlaat en na hulle onderskeie huise vertrek:[35]

| MAAND | AANTAL KAMPVERLATERS |
|---|---|
| Julie 1902 | 191 |
| Augustus 1902 | 766 |
| September 1902 | 728 |
| Oktober 1902 | 844 |
| November 1902 | 516 |
| Desember 1902 | 587 |
| Totaal | 3632 |

Op 31 Desember 1902 was daar nog 194 mense in die kamp oor.[36] Op 1 Januarie 1903 is die "Burgher Camps Department" deur die militêre owerheid aan die siviele regering oorgedra en op 7 Februarie 1903 is amptelik verklaar dat daar geen mense in die kamp meer oor was nie. Die Gereformeerde Kerk in die dorp het egter nog vir maande na die oorlog van hierdie mense gehuisves totdat ook vir hulle voorsiening gemaak is.[37]

---

35 DBC: Director of Burgher Camps..., band 13, 31st July 1902, Monthly Report; FK 975: Colonial Office 291/42, vol.5, 1902, p.706. DBC: Director of Burgher Camps..., band 13, 30th September 1902, Monthly Report; FK 986: Colonial Office 291/44, vol.5, 1902, p.688. DBC: Director of Burgher Camps..., band 14, 30th November 1902, Monthly Report; DBC: Director of Burgher Camps..., band 14, 31st December 1902, Monthly Report.

36 DBC: Director of Burgher Camps..., band 14, 31st December 1902, Monthly Report.

37 S.J. Lee, Die Pietersburgse konsentrasiekamp en kampkerkhof, p.25; K. Geertsema, Pietersburg konsentrasiekamp..., p.9: Northern Review, Pietersburg 1976, 90 Years of Progress; L. Changuion, Pietersburg 1886-1986, p.87.

Die mense wat die kamp verlaat het, is òf met private vervoer, òf met die repatriasiewaens òf met die trein huis toe.[38]

Mevrou Ellie Naude skryf dat sy die Pietersburgse kamp verlaat het en dat sy na vier dae se reis in 'n oop muilwa op haar plaas aangekom het. Al wat sy daar gevind het was 'n paar sinkplate. Daar was sy alleen - arm en 'n weduwee. Mevrou Sue Nicholson skryf dat hulle 'n vernielde plaas gevind het. Die stalle, krale en melkery was vernietig, die vrugtebome was afgekap, die plaasinstrumente was op 'n hoop gegooi en gebreek. Sy sluit af en skryf: "We gave our home, our stock and all our other possessions for our great and glorious cause willingly, nay, gladly, but every night we join in thanking God that we were not called upon to give any of our children".[39]

## 10.13 SAMEVATTING

Die 7de Februarie 1903 was wel die amptelike einde van die Pietersburgse konsentrasiekamp, maar dit was nog nie die einde van die hartseer en verdriet nie. Menige vrou het as weduwee teruggekeer na 'n verwoeste plaas toe. Menige man se hele gesin of baie van sy gesinslede is in die kampe dood en baie weeskinders moes alleen die lewe aanpak. Diegene wat die oorlog oorleef het, moes in die meeste gevalle weer van voor af begin. Baie mense het in 'n geestelike depressie verval. 'n Besoeker aan die land kort na die oorlog het die Boere beskryf as "a crushed and

---

[38] FK 986: Colonial Office 291/44, vol.5, 1902, p.692.

[39] E. Hobhouse, War without glamour or women's war experiences written by themselves 1899-1902, pp.14, 57.

hopeless people and none were more cut to their knees than in the Northern Transvaal".[40]

[40] T. Gutsche, No ordinary women, the life and times of Florence Phillips, p.199.

## SLOTBESKOUING: 'N TIPIESE DAG IN DIE LEWE VAN 'N KAMPINWONER

Ontneem van alle lewens- en bestaansmiddele is die Boerevrouens en hulle kinders weggevoer na die konsentrasiekampe. Die meeste van hulle het voor die oorlog hul eie groot wonings gehad en in die kamp moes hulle in 'n klein ronde tent ingaan, sonder kamer of kombuis, die vuurmaakplek net voor die tent. Hierdie ronde tent was nou sitkamer, spens, slaapkamer en eetkamer, en as daar 'n bed en tafel in gestaan het, was daar beswaarlik plek om te draai. In so 'n ronde tent het minstens vyf persone -van verskillende geslagte- dag en nag, maand na maand, vir 'n jaar en selfs langer gewoon.

Die Pietersburgse kamp was met doringdraad omhein met vier of vyf hekke. By elke hek het 'n wag of een van die polisie gestaan. Niemand kon die kamp sonder 'n pas verlaat nie en vir die Boervrou wat aan vryheid en ruimte gewoond was, was die opeenhoping in tente en die ingehoktheid in die kamp baie swaar.

Dié ingehoktheid het ook gelei tot afsondering van die lewe, oorlog en geliefdes daar buite. Vir nuus oor die slagveld was die kampbewoners afhanklik van nuwelinge wat die kamp ingebring is of van wat kamppersoneel laat val het.

En so saamgehoop in die tente en ingehok in die kamp het die lewe in die Pietersburgse konsentrasiekamp 'n redelike kenmerkende patroon aangeneem. Die dae is veral gekenmerk deur 'n dodelike eentonigheid aangesien daar so min afwisseling in die daaglikse aktiwiteite was. Die tentlewe het enkele roetine pligte soos vuurmaak, kosmaak en skoonmaak meegebring. Vele kinders se ledige ure is deur die skool gevul. Meneer Fairhurst het veral ook aandag geskenk aan die ontspanning van leerlinge. Met Kersfees is die kinders ook onthaal met 'n kersboom en geskenke, maar vir die volwassenes was daar weinig opbouende gebeure in die kamp en van ontspanning vir hulle word daar nooit melding gemaak nie. Sommige het wel die geleentheid aangegryp om in die aande onderrig te word.

Kenmerkend van 'n tipiese dag in die Pietersburgse kamp is die lang toue vrouens en kinders wat vir rantsoene gewag het. Die blokmetode is nie in dié kamp toegepas nie en vrouens en kinders het van agt voormiddag tot sewe namiddag in die son, wind en reën gestaan om rantsoene te ontvang.

Die hoë gemiddelde aantal siekes per dag was kenmerkend van die kamplewe. Gemiddeld het feitlik elke tent oor 'n sieke beskik. Weens die inwoners se vooroordeel teenoor die hospitaal, die gebrek aan akkommodasie en die tekort aan mediese personeel is die meeste siekes in die tente versorg. Met een en tot soveel as vyf siek in 'n tent was die vrouens eintlik dag en nag besig om siekes te versorg.

Baie sterfgevalle het dood en begrafnisse deel van die daaglikse kamplewe gemaak. Omdat daar elke dag 'n begrafnis plaasgevind het, het dit 'n alledaagsheid geword en 'n begrafnis is hoofsaaklik deur die betrokke familielede en vriende bygewoon. Onderlinge simpatiebetoning het dikwels ontbreek alhoewel daar 'n besonder groot behoefte daarvoor bestaan het. Daar was smart, lyding en ontbering oral waar 'n mens gekyk het; elkeen het genoeg aan sy eie smart gehad. Om iemand in 'n tent in die nabyheid te hoor kerm, bid of huil het deel van die daaglikse lewe geword. Daar was dus weinig persone wat in staat was om simpatie aan ander te betoon aangesien almal in dieselfde posisie verkeer het.

Die wyse waarop die vrouens en kinders in Noord-Transvaal na die konsentrasiekamp weggevoer is, het hulle totaal onvoorbereid gelaat op die lang kamplewe. 'n Tipiese dag in die kamp het dus beteken 'n stryd om oorlewing sonder die nodige klere, beddegoed en eetgerei.

Al die ontberinge, die baie siekes en dooies, die roetine pligte en die afsondering van die wêreld daarbuite het 'n gevoel van troosteloosheid, neerslagtigheid, vertwyfeling en selfs wanhoop oor die kampbewoners laat neersak en dan het 'n briefie van 'n geliefde baie beteken en uit hul godsdiens het dié Boerevrouens hul geestelike krag geput.

'n Tipiese dag dus in die kamp was een van eentonigheid en troosteloosheid slegs gevul met roetine takies, ure en ure in die tou staan vir rantsoene, die versorging van siek geliefdes, die staan by 'n oop graf en tog die lydsame aanvaarding van die verskriklike gebeure asook komende uit die hand van God.